



Wes-Kaapse
Regering

Kultuursake en Sport



Western Cape Language Committee

Wes-Kaapse Taalkomitee

IKomiti yeeLwimi yeNtshona Koloni

Jaarlikse Prestasieplan

2018/2019

Wes-Kaapse Taalkomitee

Jaarlikse Prestasieplan

2018/19



VOORWOORD

Die strategiese doelwit is om voort te gaan om die gelyke gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, nl. Afrikaans, Engels en Xhosa te verseker, en om die status en gebruik van tale wat vroeër gemarginaliseer is, soos Suid-Afrikaanse Gebaretaal, te verhoog.

Na aanleiding van die advies van die Taalkomitee is daar 'n verbintenis om veeltaligheid te bevorder om groter toegang en geleentheid vir die publiek te skep van stedelike na landelike gebiede van die Wes-Kaap, om te verseker dat elkeen toegang het tot die dienste wat die Wes-Kaapse Regering bied.

Dit is noodsaaklik om gebruik te maak van die deskundige advies van die aangestelde lede van die Taalkomitee sodat die beste besluite oor taalsake geneem kan word, en om die dienste van objektiewe deskundiges te handhaaf en sodoende die implementering van die Taalbeleid van die Wes-Kaap te verseker. Ingevolge die vereistes van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet 1 van 1999) en die Nasionale Tesourieregulasies, wil die Wes-Kaap Taalkomitee hiermee sy Jaarlikse Prestasieplan vir 2018/19 voorlê.

AMarais

ANROUX MARAIS

Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport

AMPTELIKE ONDERTEKENING

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan

- ontwikkel is deur die Wes-Kaapse Taalkomitee onder die leiding van amptenare van die Departement van Kultuursake en Sport;
- voorberei is in ooreenstemming met die huidige Strategiese Plan van die Wes-Kaapse Taalkomitee en
- 'n akkurate weergawe is van die prestasieteikens wat die Wes-Kaapse Taalkomitee sal poog om te bereik, gegee die bronne wat in die begroting vir 2018/19 beskikbaar gestel word.

Brenda Rutgers

Hoof- Finansiële Beampte



Handtekening

Jane Moleleki
Rekenpligtige Gesag



Handtekening

Brent Walters
Hoof: Departement van Kultuursake en Sport



Handtekening

Goedgekeur deur:

Anroux Marais
Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport



Handtekening

INHOUDSOPGAWE

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

1	Visie	7
2	Missie	7
3	Waardes	7
4	Wetgewende en ander mandate	7
4.1	Grondwetlike mandate	7
4.2	Wetgewende mandate	8
4.3	Beleidsmandate	8
4.4	Relevante hofuitsprake	8
4.5	Beplande beleidsinisiatiewe	8
5	Situasieanalise	8
5.1	Prestasieomgewing	9
5.2	Organisatoriese omgewing	10
5.3	Beskrywing van die strategiesebeplanningsproses	10
6	Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte van inrigting	11

DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE

7	Program: Wes-Kaapse Taalkomitee	12
8	Strategiese doelwitte	12
9	Strategies-objektiewe jaarlikse teikens vir 2018/2019	12
10	Risikobestuur	13
11	Programprestasieaanduiders en jaarteikens vir 2018/19	13
12	Kwartaallikse teikens vir 2018/19	13
13	Versoening van prestasieteikens met die begroting en MTUR	14
13.1	Prestasie en uitgawetendense	15
14	Bylae A Tegnieseaanwyserbeskrywing	15

LYS VAN AFKORTINGS/ AKRONIEME

AERP	Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk
BBSEB	Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging
DKES	Departement van Kultuursake en Sport
DvdP	Departement van die Premier
FJS	Finansiële Jaarstate
HFB	Hoof Finansiële Beampte
King III	King-verslag oor Korporatiewe Bestuur
KMMO	Klein, Medium en Mikro-ondernemings
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
MTUR	Mediumtermynuitgaweraamwerk
NTOSRBR	Nasionale Tesourie Openbare Sektor Risikobestuursraamwerk
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBK	Ondernemingsrisikobestuurskomitee
PanSAT	Pan Suid-Afrikaanse Taalraad
PERSAL	Personeelsalarisstelsel
SAGT	Suid-Afrikaanse Gebaretaal
SKOR	Staande Komitee oor Openbare Rekeninge
STATSA	Statistiek Suid-Afrika
TR	Tesourieregulasies
VLB	Verkrygingslynbestuur
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
WKR	Wes-Kaapse Regering
WOFB	Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG**1 Visie**

Die bemagtiging van alle mense van die Wes-Kaap deur middel van taal; die verhoging van menswaardigheid deur wedersydse respek vir taal en die bevordering van veeltaligheid.

2 Missie

Om die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap te monitor; om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te monitor; en om die Provinsiale Minister met die opdrag taalsake en die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad oor taalsake in die provinsie of wat die provinsie raak, te adviseer.

3 Waardes

Sorgsaamheid, Bevoegdheid, verantwoordbaarheid, integriteit, innovering en responsiwiteit.

4 Wetlike en ander mandate**4.1 Grondwetlike mandate**

Afdeling	Beskrywing
Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 6(3) en (4): Taal	Die Wes-Kaapse Regering moet, deur middel van wetgewende en ander maatreëls die gebruik van amptelike tale reguleer en monitor. Alle amptelike tale moet gelykheid van aansien geniet en gelykwaardig hanteer word. Die WKTK, in samewerking met die Departement van Kultuursake en Sport, is verantwoordelik daarvoor om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid, soos aangeneem in 2005, te monitor en te evalueer en moet ten minste een keer per jaar aan die Provinsiale Wetgewer oor hierdie mandaat verslag doen. Die DKES hou toesig oor die WKTK en voorsien die Komitee met administratiewe en finansiële ondersteuning.
Artikel 30: Taal en kultuur	Die WKTK fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hulle taal- en kultuurregte uit te oefen deur middel van die programme en projekte wat hy verteenwoordig en ondersteun.
Artikel 31: Kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe	Die WKTK moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit van die bevolking van die Wes-Kaap respekteer.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregeringsverhoudings	Die WKTK werk met alle sfere van die regering saam in die uitvoering van sy mandaat.
Skedule 4: Funksionele Areas van konkurrente Nasionale en Provinsiale wetgewende bevoegdheid	Wat betref taalbeleid en die regulering van amptelike tale vir soverre as wat die bepaling van artikel 6 van die Grondwet duidelik wetgewende bevoegdheid oordra op die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement, werk die WKTK nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en verwante staatsorganisasies oor taalsake.
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels ten grondslag aan die openbare administrasie	DKES-beamptes verantwoordelik vir die uitvoering van die mandaat van die WKTK moet die ekonomiese en doeltreffende gebruik van bronne verseker. Programme deur die openbare sektor onderneem, moet maksimum voordele teen die laagste moontlike koste lewer.
Die Grondwet van die Wes-Kaapprovinsie, 1997 (Wet 1 van 1998)	

Artikel 5	Vir die doelstellings van die Wes-Kaapse Regering moet die amptelike tale, Afrikaans, Engels en Xhosa gebruik word; en hierdie tale geniet gelyke status. Die WKTK moet die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa in die Wes-Kaap monitor. Die WKTK moet ook praktiese en positiewe maatreëls implementeer wat kan bydra tot die verhoging van die status en gebruik van daardie inheemse tale van die Wes-Kaap waarvan die status en gebruik geskiedkundig verminder is.
-----------	--

4.2 Wetgewende mandate

Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Die WKTK lê kwartaallike en jaarlikse verslae voor aangaande sy prestasielewering sowel as geouditeerde finansiële state gebaseer op die strategiese, objektiewe jaarlikse doelwitte vir elke finansiële jaar.
Die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012	Wet 12 van 2012	Hierdie Wet is spesifiek op nasionale departemente, nasionale openbare entiteite en nasionale openbare ondernemings van toepassing. Indien aspekte van die Wet 'n impak moes hê op taalbeleid en -praktyk in die Wes-Kaap, sal die WKTK 'n mandaat hê om 'n rol te vertolk.
Wet op die Pan- Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995	Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad erken enige provinsiale taalkomitee wat gestig is ooreenkomstig artikel 8(8) (a).
Die Wes-Kaapse Provinsiale Taalwet, 1998	Wet 13 van 1998	Die WKTK moet, onder andere: <ul style="list-style-type: none"> die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa in die Wes-Kaapse Regering monitor; aanbevelings doen aan die LUR en die Provinsiale Parlement oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyk en beleid wat direk of indirek op taal in die Wes-Kaap betrekking het; aktief die beginsel van veeltaligheid bevorder; die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder; die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalsake in die Provinsie adviseer; en PanSAT oor taalsake in die Wes-Kaap adviseer.
Wet op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad, 2014	Wet 8 van 2014	Wanneer die Wet op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad gevestig is, sal dit die mag hê, onder andere, om taalpraktisyns te registreer en te akkrediteer, om 'n gedragskode in plek te stel, en om taalpraktyk te reguleer.

4.3 Beleidsmandate

Beleid	Beskrywing
Die Wes-Kaapse Taalbeleid (gepubliseer in die Provinsiale Koerant as PN 369/2001 van 27 November 2001)	Die WKTB is verplig om die implementering van hierdie beleid te monitor.

4.4 Relevante hofuitsprake

Nie van toepassing nie.

4.5 Beplande beleidsinisiatiewe

Geen

5 Situasië-analise

Taal is 'n belangrike deel van identiteit en kultuur en moet met sensitiwiteit hanteer word. Dit is vasgelê in die Grondwet as 'n mensereg en beskerm deur nasionale en provinsiale wetgewing.

Die Wes-Kaapse Taalkomitee skep steeds bewustheid deur die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid en die Taalgedragskode.

Die Wes-Kaapse Taalkomitee is gevestig ooreenkomstig die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998. Dit is daarna deur PanSAT erken as sy Provinsiale Taalkomitee vir die Wes-Kaap ingevolge die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995. Die WKTK fungeer dus ook as die taalkomitee wat PanSAT adviseer oor taalsake in die Wes-Kaap en werk nou saam met die provinsiale kantoor van PanSAT.

Die WKTK is op 1 Junie 2001 gelys as 'n Skedule 3, deel C provinsiale openbare entiteit ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999. Die Komitee sorteer onder die strategiese bestuur van die Minister as die Uitvoerende Gesag en doen verslag via die Departementshoof van Kultuursake en Sport. Sy prestasie word deur die DKES gemonitor.

Om sy mandaat uit te voer beplan die Wes-Kaapse Taalkomitee om met die volgende voort te gaan:

- monitering en advisering van die Wes-Kaapse Taalbeleid soos uiteengesit in die implementeringsplan soos bevat in die bekostigingsverslag;
- advisering van departemente en inrigtings van die Wes-Kaapse Regering oor taalsake via die Minister van Kultuursake en Sport;
- die bevordering van die beginsel van veeltaligheid;
- die verbetering van sy werksverhouding met PanSAT en ander taalliggame en inrigtings op provinsiale, nasionale en internasionale vlak;
- die bevordering van die ontwikkeling van gemarginaliseerde inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal om bewustheid van hierdie tale onder die inwoners van die Wes-Kaap aan te wakker;
- die advisering van die Minister en PanSAT oor wesenlike taalsake in die Wes-Kaap;
- die raadpleging van alle relevante belanghebbendes en om op hoogte te bly van relevante navorsing om ingelig te wees aangaande taalsake wat die provinsie raak;
- die smee van vennootskappe om veeltaligheid in die Wes-Kaap te ontwikkel en
- Die lewering van bydraes tot maatskaplike insluiting deur toegang tot taal en goeie kommunikasie te verseker deur vertaling en tolking in die drie amptelike tale van die provinsie te bevorder.

Die Taalkomitee sal met die Taaldienskomponent saamwerk om sy mandaat uit te voer. Dit sal vennootskappe met tersiêre inrigtings, provinsiale departemente en ander taalinrigtings handhaaf om sy doelstellings te bereik.

In die lig van die verskuivende demografiese dinamiek, sal die Taalkomitee voortgaan om die Minister en provinsiale departemente van advies oor taalsake en taalverwante sake te bedien.

5.1 Prestasie-omgewing

Drie lede, waaronder die Voorsitter, het in die eerste maande van 2017 bedank. 'n Nuwe voorsitter is in Februarie 2017 verkies. Die administratiewe werk van die WKTK word gedoen deur beampes in diens van die DKES.

Taal wat die meeste in die huishouding gepraat word (%):

Afrikaans	Xhosa	Engels	Khoi en Nama	Gebaretaal	Sesotho
45	30	19.21	0.00	0.00	0.85


(Die bostaande tabel gee 'n aanduiding van die gewig van taal deur mense gepraat. Data is gebaseer op 2011 geografiese grense.)

Die prestasieomgewing van die Wes-Kaapse Taalkomitee word bepaal deur die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, en omvat ses hoof fokusareas:

- om groter uitvoering te gee aan die gelyke status van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, nl. Afrikaans, Engels en Xhosa;
- om die beginsel van veeltaligheid in die Wes-Kaap aktief te bevorder;
- om die ontwikkeling van die gemarginaliseerde inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal aktief te bevorder;
- om die gebruik van die drie amptelike tale deur die Wes-Kaapse Regering te monitor;
- om die Minister te adviseer aangaande taalkwessies in die Wes-Kaap wat die Wes-Kaap raak, sowel as aangaande enige voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyk en beleid wat direk of indirek met taalsake handel en
- om PanSAT, sy substrukture en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie te adviseer aangaande taalsake in die Wes-Kaap wat die Wes-Kaap raak.

5.2 Organisasoriese omgewing

Die onderstaande organogram illustreer die organisatoriese omgewing waarbinne die Komitee werksaam is.



Ingevolge artikel 17 van die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, word die administratiewe werk van die WKTK uitgevoer deur beamptes in die Taaldienskomponent van die Departement van Kultuursake en Sport van die Wes-Kaap.

5.3 Beskrywing van die strategiese beplanningsproses

'n Strategiese beplanningsessie is op 18 Oktober 2017 deur lede van die Wes-Kaapse Taalkomitee en ons beamptes van die Departement van Kultuursake en Sport gehou.

Die strategiesebeplanningsessie het die werksaamhede en funksies van die Taalkomitee nagegaan, sy prestasies en uitdagings; en het prestasie vir die volgende diensperiode beplan. Die behoefte aan die vul van lidnmaatskapvakatures is geïdentifiseer asook om te bou op die bevindings van 'n opname wat gedoen is om die implementering van die provinsiale Taalbeleid in die provinsiale departemente te evalueer. Dit het verder gepoog om sy strategiese vennootskappe te versterk om die implementering van veeltalige en SAGT-projekte te bevorder.

6 Strategiese uitkoms-georiënteerde doelwitte van die inrigting

Strategiese uitkomsgerigte Doelstelling	Om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te monitor
Doelstelling	Om die monitoring van prestasie ten opsigte van die doelstellings van die Taalbeleid binne die Wes-Kaapse Regering te fasiliteer, en gepaste advies in hierdie verband te verskaf.

Skakeling met provinsiale strategiese doelwitte

Die Provinsiale Strategiese Doelwitte vir 2015 tot 2020 is soos volg:



Die strategiese doelwitte van die Taalkomitee is in ooreenstemming met twee Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD's) van die Wes-Kaapse Regering:

- PSD 3: Verhoog welsyn, veiligheid en pak maatskaplike ewels aan.
- PSD 5: Bevestig goeie beheer en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike rangskikking.

FIG 3	Die WKTK ondersteun gelyke behandeling vir die drie amptelike tale van die Wes-Kaap; regstelling van vorige taalwanbalanse; en die ontwikkeling en bevordering van die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale van die provinsie asook Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Die praktiese implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid gemonitor deur die WKTK sluit in die verskaffing van professionele redigeer-, vertaal- en tolkdienste vir departemente van die Wes-Kaapse Regering. Hierdie diens verbeter die vermoë van departemente om met mense te kommunikeer in die taal wat hulle die beste verstaan. Beter kommunikasie lei tot verhoogde toeganklikheid tot en implementering van regeringsdienste. Beter dienslewering vergroot welsyn en veiligheid in gemeenskappe van die Wes-Kaap en dra by daartoe dat maatskaplike siektes in die provinsie beveg kan word. Deur die bevordering van veeltaligheid word sosiale inklusiwiteit, verdraagsaamheid en respek tussen diverse gemeenskappe van die provinsie gekweek.
FIG 5	Die WKTK monitor en ondersteun die implementering van die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, en die Wes-Kaapse Taalbeleid. Deur die Wes-Kaapse Regering se vermoë om met mense te kommunikeer in die taal wat hulle die beste verstaan te vergroot, word deursigtigheid van die regering verhoog. Dit lei tot 'n toename in goeie beheer, dienslewering, en kweek geïntegreerde vennootskappe vir verbeterde inskakeling.

DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE

7 Program: Wes-Kaapse Taalkomitee

Om die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Xhosa en Engels in die provinsiale regering en plaaslike regerings in die provinsie te bevorder.

8 Strategiese doelwitte

Strategiele doelwit	Om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te adviseer en te monitor.
Objektiewe stelling	Die monitering en advisering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid in die Wes-Kaapse Regering.
Grondlyn	Om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid in die provinsie te monitor 1 jaarverslag vir die WKTK 4 adviserende vergaderings
Regverdiging	Om maatskaplik-inklusiewe gemeenskappe te skep; welsyn en veiligheid te verhoog; maatskaplike ewwels te takel; goeie regering te ondersteun; en om geïntegreerde dienslewering deur middel van wedersydse lonende vennootskappe te ondersteun.
Skakels	PSD3

9 Strategies-objektiewe jaarlikse teikens vir 2018–2019

Aanduider van strategie se doelwitte	Strategie se Plan doelwit	Geouditeerde/Wesenlike prestasie			Geraamde prestasies 2017/18	Mediumtermyn Teikens				
		2014/15	2015/16	2016/17		2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/2023

Om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te adviseer en te monitor.	45	11	14	9	8	8	8	8	8	8
--	----	----	----	---	---	---	---	---	---	---

10 Risikobestuur

Risiko: Tydige aanstelling van 'n volledig verteenwoordigende WKTK (volgens tale wat in die provinsie gepraat word, asook SA Gebaretaal) beïnvloed besluitneming.

Tempering: Toepassing van die Wes-Kaapse Talewet, Wet 13 van 1998, wat riglyne bied vir die aanstelling van die verteenwoordiger elke drie jaar. Die Parlementêre Staande Komitee vra dat mense met nominasies vorendag kom, deur die plasing van elektroniese en ander advertensies. Onderhoude word met kandidate gevoer deur die Staande Komitee in oorleg met DKES se Taaldiens. Die Staande Komitee stuur dan kortlyste aan die LUR wat 11 lede uit die kortlys aanstel. Dowe gemeenskappe word aangemoedig om by alle relevante platvorms aansoek te doen of te nomineer. Die SAGT-databasis word geraadpleeg soos die behoefte aan gebaretaaldienste ontstaan. Die DKES Taaldiens werk saam met die bestaande Taalkomitee om potensiële applikante óf te verwys óf te laat heraansoek doen.

11 Programprestasieaanduiders en jaarlikse doelwitte vir 2018/19

Programprestasieaanduiders	Geouditeerde/Wesenlike prestasie			Geraamde prestasies 2017/18	Medium-termyne Telkens				
	2014/15	2015/16	2016/17		2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
1.1 Getal jaarlikse opnames/bewusmakingsveldtogte wat die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid monitor	3	2	2	1	1	1	1	1	1
1.2 Getal Jaarverslae vir die WKTK gepubliseer	1	1	1	1	1	1	1	1	1
1.3 Getal vergaderings gehou om die Wes-Kaapse Taalbeleid uit te voer	10	6	6	6	6	6	6	6	6

12 Kwartaallikse teikens vir 2018/19

Programprestaseaandulder	PSD-skakelnommer	Verslagperiode	Jaarlikse teiken 2018/19	Kwartaal			
				1ste	2de	3de	4de
1.1 Getal jaarlikse opnames/bewusmakingsveldtogte wat die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid monitor	3 en 5	Jaarliks	1	-	-	1	-
1.2 Getal Jaarverslae vir die WKTK gepubliseer	3 en 5	Jaarliks	1	-	1		-
1.3 Getal vergaderings gehou om die Wes-Kaapse Taalbeleid uit te voer	3 en 5	Kwartaalliks	6	1	2	2	1

13 Versoening van prestasietekens met die begroting en die MTUR

*Geskatte uitgawe**Wes-Kaapse Taalkomitee*

Program	Geouditeerde uitkoms			Beraamde koste	Geraamde mediumtermynuitgawe		
	2014/15	2015/16	2016/17		2017/18	2018/19	2019/20
R duisend							
Wes-Kaapse Taalkomitee	238	776	734	234	267	281	295
Subtotaal	238	776	734	234	267	281	295
Direkte aanslae teen die Nasionale Belastingfonds	-	-	-				
Totaal	238	776	734	234	267	281	295

Ekonomiese Klassifikasie

Huidige betalings	238	776	734	234	267	281	295
Kompensasie van werknemers							
Goedere en dienste							
waaronder:							
Kommunikasie							
Rekenaardienste					18	19	20
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste		60	12	20	48	50	52

Inventaris	2						
Instandhouding, reparasies en lopende koste							
Bedryfshuurooreenkomste							
Reis en verblyf	5	8	21	12	24	24	28
Ouditgelde	122	60	73	72	80	84	86
Advertensies	6	14					
Ander	103	634	628	130	97	104	109
Rente & huurinkomste op grond							
Finansiële transaksies in bates en laste							
Oordragte en subsidies aan:	-	-	-	-	-	-	-
Provinsies en munisipaliteite							
Departementele agentskappe & rekeninge							
Universiteite en teknikons							
Openbare korporasies & privaat ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Niewinsgewende inrigtings							
Huishoudings							
Betalings vir kapitale bates	-	-	-	-	-	-	-
Geboue & ander vaste strukture							
Masjinerie en toerusting							
Bewerkte bates							
Sagteware en ander ontasbare bates							
Grond en ondergrondse bates							
waaronder: Gekapitaliseerde kompensasie							
Totaal	238	776	734	234	267	281	295

*Sluit in vergaderingtoelaes vir die Taalkomitee

13.1 Prestasie en uitgawetendense

Die begroting van die Taalkomitee word hoofsaaklik gebruik vir administratiewe en organisatoriese uitgawes. Personeellede van die Departement van Kultuursake en Sport verleen bystand aan die WTK in die uitvoering van sy taak deur ondersteuning te bied vir bedryfsake.

Bylae A: Tegnieeraanwyserbeskrywing

Aanduiders van strategiese doelwitte

1.1	Naam van aanduiders	Getal intervensies om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te adviseer en te monitor.
	Kort definisie	Die fasilitering, monitering en advisering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid in die Wes-Kaapse Regering
	Doel/ belangrikheid	Om te verseker dat die moedertaalsprekers van amptelike tale van die Wes-Kaapprovinsie die geleentheid het om hulle eie taal te gebruik en vordering te maak ten opsigte van die implementering van die Taalbeleid
	Bron/ versameling van data	Taalbeleidimplementering audits of opnames
	Metode van berekening	Kwantitatiewe en kwalitatiewe dataontleding
	Databeperkings	Die mate waartoe opname-instrumente die implementering van die Taalbeleid kan meet

	Soort aanwyser	Uitkoms
	Berekeningtipe	Kumulatief
	Verslagsiklus	Jaarliks
	Nuwe aanduider	Getal
	Verlangde prestasie (uitset)	Soos geteiken
	Aanduiderverantwoordelikheid	Verantwoordelikebestuurder
	Grootste risiko	Departement mag dalk nie aanb evelings wat deur die Taalkomitee gemaak is implementeer nie .Hierdie risiko kan getemper word deur doeltreffende kommunikasie tussen die Wes-Kaapse Taalkomitee en departemente van die es-Kaapse Regering.

Prestasie-aanduiders

1.2	Naam van aanduider	Getal jaarlikse opnames/bewusmakingsveldtogte wat die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid monitor
	Kort definisie	Die monitering en advisering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid in die Wes-Kaapse Regering
	Doel/ belangrikheid	Om te verseker dat die moedertaalsprekers van amptelike tale van die Wes-Kaapprovinsie die geleentheid het om hulle eie taal te gebruik en vordering te maak ten opsigte van die implementering van die Taalbeleid
	Bron/ versameling van data	Taalbeleidimplementeringsopnames of -vraelyste of bewusmakingsveldtogte of opvolgprojekte
	Metode van berekening	Kwantitatiewe en kwalitatiewe dataontleding
	Databeperkings	Die mate waartoe opname-instrumente die implementering van die Taalbeleid kan meet
	Soort aanduider	Uitkoms
	Berekeningtipe	Kumulatief
	Verslagsiklus	Jaarliks
	Nuwe aanduider	Getal
	Verlangde prestasie (uitset)	Soos geteiken
	Aanduiderverantwoordelikheid	Verantwoordelikebestuurder
	Grootste risiko	Departement mag dalk nie aanbevelings wat deur die Taalkomitee gemaak is implementeer nie.Hierdie risiko kan getemper word deur doeltreffende kommunikasie tussen die Wes-Kaapse Taalkomitee en departemente van die Wes-Kaapse Regering.

1.3	Naam van aanduider	Getal Jaarverslae vir die WKTK gepubliseer
	Kort definisie	Publiseer Jaarverslag vir die WKTK
	Doel/ belangrikheid	Om die publiek aangaande die prestasie van die entiteit in te lig
	Bron/ versameling van data	Verslae, notules van voltallige en subkomiteevergaderings
	Metode van berekening	Numeriese data en ontleding
	Databeperkings	Vertragings in die voorlegging van dokumente
	Soort aanduider	Impak
	Berekeningtipe	Kumulatief
	Verslagsiklus	Jaarliks
	Nuwe aanduider	Getal

Verlangde prestasie (uitset)	Soos geteiken
Aanduiderverantwoordelikheid	Verantwoordelikeidsbestuurder
Grootste risiko	Vertragings in die voorlegging van dokumente en in die voltooiing van projekte

1.4	Naam van aanduider	Getal vergaderings gehou om die Wes-Kaapse Taalbeleid uit te voer
	Kort definisie	Vergadering moes taalsake identifiseer/bespreek en die Minister van advies voorsien ooreenkomstig die Wes-Kaapse Taalbeleid.
	Doel/ belangrikheid	Om die Minister in te lig aangaande kwessies in verband met taalsake in die Wes-Kaap om hom of haar in staat te stel om ingeligte besluite te neem en doeltreffende implementering van die Taalbeleid te verseker
	Bron/ versameling van data	Verslae, agendas en notules van voltallige en subkomiteevergaderings
	Metode van berekening	Getal verslae wat aan die Minister en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie voorgelê is
	Databeperkings	Vertragings in die voorlegging van dokumente
	Soort aanduider	Impak
	Berekeningtipe	Kumulatief
	Verslagsiklus	Kwartaalliks
	Nuwe aanduider	Getal
	Verlangde prestasie (uitset)	Soos geteiken
	Aanduiderverantwoordelikheid	Verantwoordelikeidsbestuurder
	Grootste risiko	Gebrek aan gereelde direkte interaksie tussen die Minister en die Wes-Kaapse Taalkomitee. Hierdie risiko kan getemper word as verslae betyds aan die Ministerie voorgelê word.

Western Cape Language Committee
Protea Assurance Building, Greenmarket Square, Cape Town, 8001
Postal Address: Private Bag X9067, Cape Town, 8000
tel: +27 483 9669 fax: +27 21 483 9673
Email: Liezl.Jansen@westerncape.gov.za

Ikomiti yeeLwimi yeNtshona Koloni
Kwisakhiwo iProtea Assurance, eGreenmarket Square, eKapa, 8001
Idilesi yePosi: Private Bag X9067, Cape Town, 8000
umnxeba: +27 483 9669 ifeksi: +27 21 483 9673
i-imeyile: Liezl.Jansen@westerncape.gov.za

Wes-Kaapse Taalkomitee
Protea Assuransie Gebou, Groentemarkplein, Kaapstad, 8001
Posadres: Privaatsak X9067, Kaapstad, 8000
tel: +27 483 9669 faks: +27 21 483 9673
e-pos: Liezl.Jansen@westerncape.gov.za



**Western Cape
Government**

Cultural Affairs and Sport

PR54/2018 - ISBN: 978-0-621-46152-7